

18 Julie - LOSKOOP

Skrifgedeelte: Psalm 49:6-16

Fokusgedeelte: Psalm 49:16

Die psalmdigter skets hier 'n prentjie. Dit is nie 'n mooi of 'n vrolike prentjie nie. Dit is 'n prentjie van 'n mens wat dink dat hy God nie nodig het nie en dat net die aardse dinge rondom hom saak maak.

Hoeveel keer verlustig ons ons nie in die aardse dinge nie? Aardse dinge kry voorkeur bo dinge wat koninkryksgerig is. Ons sal ure lank na flieks en sportwedstryde staar en dan ongemaklik raak as die dominee durf waag om langer as 20 minute te preek. Leef ons regtig soos mense wat losgekoop is?

Die psalmdigter vertel in vers 8 dat een mens nie 'n ander kan loskoop nie. Is dit nie ook van ons die waarheid nie? Plaas ons ons vertroue op mense om ons los te koop van die sonde en om ons die regte pad aan te wys, in plaas daarvan om ons hoop op God te plaas – op Hom wat ons uit sy genade losgekoop het van ons sonde?

Die psalmdigter getuig in vers 16: "Maar vir my sal God loskoop uit die mag van die dood." Hoe waar was dit nie! God het ons almal losgekoop uit die mag van die dood deur sy Seun na die aarde toe te stuur om vir ons sondes te betaal.

Dit was ons sondes wat gemaak het dat ons die dood verdien, maar nou kan ons lewe omdat ons glo dat God ons genadig verlos het van dit wat ons van binne doodgemaak het.

Laat ons nou saam met die psalmdigter ons geloof in God plaas. Laat ons nie op mense vertrou nie, want God het ons reeds losgekoop en vra net dat ons deur geloof op Hom sal vertrou.

Vers 16: "Maar vir my sal God loskoop uit die mag van die dood."

Sing: Psalm 146:1, 2

Teol. Student Lohan Linde